# Sondag, 14 Augustus 2022

**Skriflesing:** Kolossense 3:5-17

**Tema:** Net vir vandag: Ek sal lewe met ‘n houding van dankbaarheid.

**Skriflesing**

**Kolossense 3:5-17**

**Die ou en die nuwe lewe**

5 Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid,
onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is. 6 Deur sulke dinge kom die
straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. 7 Vroeër het julle ook aan dié dinge
meegedoen toe julle nog daarin gelewe het. 8 Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan:
woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, 9 en moenie vir
mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek 10 en leef nou die
lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die
volle kennis van God. 11 Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie
besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.
12 Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend,
goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13 Wees geduldig met mekaar en
vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle
mekaar ook vergewe. 14 Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot
volmaakte eenheid saambind. 15 En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag
gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe.
Wees altyd dankbaar. 16 Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en
onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange
en ander geestelike liedere tot eer van God sing. 17 En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit
alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

**“Wie ‘n kind van God is, luister na die woorde van God.” – Johannes 8:47a**

**PREEK**

**Broers en susters in onse Here Jesus Christus:**

Oor die volgende paar Sondae gaan ons deur ‘n preekreeks werk met die onderliggende tema – Net vir vandag.
Wie van julle sit vanoggend hier en het nog gedagtes van gister en die week wat verby is in jou kop?
Is daar van u wat dalk hier sit en klaar dink aan die sake van die week wat voorlê?

Meer gereeld as ooit wemel ons gedagtes oor die dinge van die verlede en ons dink oor die dinge van môre. Ons gedagtes kan soms so oorgeneem word met gister en môre, en eintlik is vandag die belangrikste tyd in jou lewe. Ons almal weet dit, maar ons mis dit meestal. En dis die doel van ons preekreeks. Gister is verby, ons weet nie wat more kan gebeur nie, maar ons het vir vandag.

En net vir vandag:
sal ek lewe met ‘n houding van dankbaarheid.
Dit is vandag se fokus. Dankbaarheid.

Net vinnig – wanneer laas was jy dankbaar gewees oor iets in jou lewe?
Verstaan mooi – nie ‘*dankie dat jy vir my koffie gemaak het’* of ‘*dankie vir die badwater wat jy in getap het*’ of ‘*dankie dat jy gehelp het om die pakkies in die kar in te sit en uit te haal by die huis*’ nie – ek bedoel:
Stil word,
nadink,
besef
en dankbaar wees. Dis goeie maniere om te sê, ‘dankie en asseblief’, maar daar is baie meer aan dankbaarheid, nie waar nie. Diepe dankbaarheid gaan gepaard met ‘n diepe besef.

**Vb.**
Dis wanneer jy jou kind vir die eerste keer vashou en jy besef die Here het jou met ‘n kind geseën;
Dis wanneer jy hard gewerk het, lank gestudeer het en jy ontvang die werk, die pos wat jy baie graag wou gehad het;
Dis wanneer jy na jou ouers kyk en verstaan hoe lief hulle jou nou eintlik het en jy besef waaroor daardie liefde gaan want jy kyk na jou eie kinders en jy voel dit.
Dis wanneer jy op jou laaste is en jy is plat geslaan en iemand gryp jou en lig jou op. Maak jou weer sterk en jy het gedink dis nou neusie verby.

Julle verstaan wat ek bedoel, nè? Dankbaarheid, daardie diepe dankie sê.

Wanneer laas het jy dit gehad? Wanneer ons daardie dankbaarheid ervaar dan voel dit soveel egter. Dit ritsel jou emosies. Jy weet, sonder twyfel, dat jy dankbaar was.

Net vir vandag sal ek dankbaar wees.

**Uitbou**

Paulus skryf aan die gemeente in Kolosse, 'n stad in Klein-Asië, en hy kom by die punt waar hy vir die gelowiges sê dat hulle nou nuwe mense is omdat hulle in Jesus Christus glo. Hulle nuut wees beteken dat hulle nou anders kan en moet lewe.

Dink ons ooit oor ons lewens as nuut en oud?
Ek bedoel, ons sê nie regtig vir ons self, '*ek het nou weer soos 'n ou mens opgetree*', nie of '*ek voel goed, ek was 'n nuwe mens toe ek met daardie ou gekommunikeer het'*, nie.
Wat sal dit vir jou beteken om nuut te lewe?
Miskien voel jy, *'...maar ek het nog altyd geglo, so daarom was ek nog nooit 'n ou mens nie'*, maar was jy nog nooit ou mens nie?

Paulus noem vir die Kolossense wat die dinge wat wat die ou mens gedoen het –
*onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes en gierigheid.*
Verder sê hy - *laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, en moenie vir mekaar lieg nie.*
Kyk nou weer na jou lewe, nie net jou woorde en dade nie, maar ook jou gedagtes. Dis maklik om iemand in jou gedagtes te vloek, nè. Is jy 'n nuwe mens?

Net vir vandag sal ek dankbaar wees.

As Paulus vir die gemeente in Kolosse herinner hoe die ou mens gelyk het sê hy vir hulle -
*Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is.*
'Doodmaak' is die woord wat hy gebruik en die aardse dinge is die slegte goed wat die ou mens gedoen het, wat Paulus opnoem – haat, woede, nyd, vloek en nog. Hulle moet die dinge doodmaak.

Hoe moet hulle dit doodmaak?
Wel, Paulus herinner hulle van wie hulle nou is in vers 12 –
*Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle....,* dan noem Paulus al die dinge wat hulle eintlik moet doen. Hy sê eintlik vir hulle – broers, susters, as julle werklik besef wie julle vir God is en hoe lief Hy vir julle is, werklik besef, dan sal julle nuut lewe deur –
meelewend te wees,
goedgesind te wees,
geduldig met mekaar te wees,
mekaar te vergewe,
mekaar liefhê.
Die gevolge is dan dat julle sal vrede beleef onder mekaar.

Dan sê Paulus – ***15d*** *Wees altyd dankbaar.*
Eintlik, broers en susters, as mens mooi kyk dan sien jy dat Paulus vir hulle sê – as julle die ou dinge wat die ou mens gedoen het wil doodmaak, wees dankbaar teenoor die Here.
Onthou nou, nie net dankie – want ek het goeie maniere nie – nee, dankie want
ek besef,
ek verstaan,
ek sien in,
ek het diep in my hart agter gekom en ek is dankbaar.

Dan eindig Paulus en hy blaas die vuur aan – ***16c*** *Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.*

Net vir vandag sal ek dankbaar wees.

Broers en susters, die lewe kan met ons weg hardloop. Ons kan so oorweldig word met ons gedagtes van gister en wat more kan gebeur, dat ons hierdie oomblik in ons lewe kan misloop en jy moet nie. Die Here het bedoel dat ons nuut sal lewe en dit beteken nie dat ons uit ons eie krag, met ‘n gesweet, elke dag moet hard probeer om sondeloos te lewe nie. Dit beteken dat ons sal tot besef kom wie ons vir God is en dan diep dankbaar raak en dit sal veroorsaak dat jy nie anders kan as om nuut te lewe nie.

Moet nie jou dag aframmel nie, broers en susters. Haal asem, verskeie kere deur jou dag en kry daardie oomblik raak gevat waar jy, al is dit net oor een ding, stil is, nadink en besef wat jy in jou lewe het en wees regtig dankbaar(eintlik sal jy outomaties dankbaar wees vanself wanneer jy besef wat jy het). En daardie is dan die werklike nuwe mens wat jy moet wees teenoor God.

**Slot**

Dis ons uitdaging hierdie week –

Net vir vandag, kry daardie een ding wat jou help om te besef hoe dankbaar jy kan wees teenoor die Here en laat dit toe om jou nuut te maak in jou lewe.

**Amen**